# PAK LEEU AAN SY ORE

*Die verhaal van 'n nag van verskrikking en 'n byna noodlottige oggend soos twee dapper Boere dit self vertel het.*

OMTRENT drie-uur op die Maandagoggend van 12 April het Renier Els en sy vrou, Hendrina, wakker geword van die onophoudelike geblaf van die honde buite op die werf.

In hul eenvoudige huisie van aluminiumplate het hulle gelê en luister. Toe hoor hulle die kraaltakke kraak en die gedreun van skape wat op 'n bondel hardloop.

Hulle het dadelik geweet wat dit beteken. 'n Maand tevore het hulle trouens ook besoek gehad van leeus: 'n kraagmannetjie en twee wyfies wat in die nag onder die bokke by die huis ingespring het. Daardie nag het hy, sy vrou en 'n kleinjong met die flits en 'n geweer die leeus deur die lang gras agtervolg. Toe Renier wou skiet, het die kleinjong, wat die flits moes hou, so gebewe dat daar van die skietery niks gekom het nie, en gelukkig het die honde die leeus toe ook so lastig geval dat hulle padgegee het. As Renier wel geskiet het en daardie mannetjie gewond het, sou die Else miskien nie geleef het om weer met die koning van die bos slaags te raak nie.

En nou, drie-uur in die oggend, was die leeus weer daar: onder die waardevolle skape in die kraal . . .

★

WAT toe gebeur het, het ek uit Renier en Hendrina Els se monde self gehoor. Renier het eerste gepraat:

„Ja, ons wis dadelik wat buite aan die gang is," sê hy. „Ons het uit die bed gespring, ek het my koplamp aangesit en die strale in die rigting van die kraal, omtrent honderd tree van die huis af, gerig. Die oë van drie leeus blink by die kraal.

„Veiligheidshalwe klim ek in my bakkie en ry na die leeus. Daar gekom, sien ek in die strale van die koplamp vier leeus wat lê en grom en kap na mekaar oor die geraamte van 'n bok wat byna klaar opgevreet is. Toe het hul reeds al 'n skaap opgevreet gehad en hulle wou nog meer hê. Daar was nog 'n vyfde leeu, maar dié het ek toe nog nie bemerk nie.


„Ek bly in die motor sit en begin op die leeus skiet. Die eerste twee skote was mis, maar die leeus gee nie pad nie. Die derde skoot hoor ek tref, maar geen gebrul of enige geluid nie. Toe ek my vierde skoot los, hoor ek die kraaltakke kraak en die gebrul van 'n leeu volg daarop. Terwyl hierdie leeu brul, hoor ek sowat tien tree van my af aan die anderkant nog 'n gebrul. Ek rig die strale van my koplamp in daardie rigting en sien 'n groot leeuwyfie plankdwars voor my verby stap op weg na die leeu wat eerste gebrul het. Ek los 'n skoot op haar en bemerk dat ek haar regtervoorblad gewond het. Sy verdwyn egter vinnig in die lang gras.

„Terwyl ek so besig is, sien ek 'n ander leeu 'n donkie agtervolg wat buitekant die kraal was. Hy het die arme bebloede dier gruwelik toegetakel. Intussen het my vrou ook 'n benoude tydjie deurgemaak."

★

„JA," sê Hendrina, „ek was by die drie kinders in die huis waar ons almal met gespanne aandag en vol kommer na die gedoente by die kraal geluister het. Ons het die skote en die gebrul van 'n leeu elke keer as die skoot raak is, gehoor. Altesaam het ons elf skote getel.

„Meteens bevlieg die honde die leeu wat die donkie sowat tien tree van ons huis af toegetakel het. 'n Onaardse lawaai volg. Ek gryp die flits, spring by die deur uit, gryp 'n sinkplaat wat buite lê, en met Maryna se hulp sit ek dit voor die ingang na ons vertrek. Ons het nog nie deure in ons huis nie en ek was bevrees dat die honde die leeu dalk in die huis in mag lok as hy hulle agternasit. Ek stop die drie kinders gou onder die bed in, sit die brandend



**Die drie kinders van mnr. en mev. Els was byna wees. Hulle is Maryna, Flippie en Renier.**